

**21 Augustus**

**Skrifgedeelte: Johannes 15:1-7**

**Fokusgedeelte: Johannes 15:4**

### **God se vereiste vir vrugdra**

Hoeveel tyd gee jy vir die Here? Hoeveel vrug dra jy? Gewoonlik is die lidmate wat die dagstukkies lees, betrokke by die kerk, reël funksies en vergaderings, en hulle is betrokke by die uitdra van die evangelie. Hulle het baie tyd vir die Here! Dit is goed en reg dat jy vir die Here werk. Die gelowige se lewe is egter altyd 'n lewe van balans. Jy het tyd *vir* die Here, maar hoeveel tyd spandeer jy *met* die Here?

Die wedergeboorte is die inenting in die wynstok Jesus Christus. Jy kan dus nie vrug dra as jy nie in Christus is nie. Om in Christus te wees, vra tyd *met* God. Dit vra tyd met God in gebed, Bybellees en -studie, anders is die tyd wat ek met die Here bestee, onproduktief. Ek moet eers tyd *met* God bestee om tyd *vir* die Here te gee. My goeie vrugte wat ek dra, word dus nie bepaal deur hoeveel ek *vir* die Here werk nie, maar hoeveel ek *met* die Here verkeer. Hierdie woorde is ook waar vir ons predikante. Ons werk soveel ure *vir* die Here, dat ons geneig is om tyd *met* God af te skeep. Die wanbalans het 'n baie negatiewe invloed op jou bediening!

Wil jy dus baie vrugte dra (vers 5)? Moet dan nooit te besig raak en jou gebed, Bybellees, Bybelstudie en kerkbesoek agterweë laat nie. Hoe meer tyd jy *met* die Here deurbring, hoe produktiewer sal jy *vir* die Here kan werk!

*Sing: Psalm 84:2,6 Ds PA Coetzee (Potchefstroom)*